# Hoofstuk van die dag: Spreuke 9

*Moenie 'n ligsinnige mens probeer opvoed nie, hy sal jou daarvoor haat. Voed 'n wyse op, en hy sal lief wees vir jou.*

*(vers 8)*

My liewe koningin Jemen
Rehabeam is nog steeds in Ammon. Ek moet sê, dis vir my baie moeiliker om te verwerk as wat ek gedink het. Ek verlang na hom, maar ek is ook kwaad vir hom, en seer hier binne, omdat sy sin vir waardes so skeef is.
Nou moet ek toegee dat dit seker moeilik vir 'n kind soos hy is om nie 'n verwronge sin vir waardes te hê nie, want van kleins af was daar niks wat ons hom ontsê het nie. Net die beste en duurste was vir ons goed genoeg as ons aan hom gedink het. Maar so tussen al die weelde en rykdom het hy begin glo dat geld en goed die hoogste doel in die lewe is.
Ai, as ek maar so oor dié dinge gedink het toe hy nog klein was! Dan sou ek hom heeltemal anders opgevoed het, dink ek. Maar nou is dit seker te laat. Geld en goed bring nie geluk nie, en as jou siel daaraan vaskleef, sal jy nooit regtig gelukkig wees nie. Geluk lê in die geborgenheid wat 'n mens in God se voorsiening van elke dag ontdek. Met al my rykdom het die stomme Rehabeam nooit geleer om boontoe te kyk vir sy daaglikse brood nie. En hy het ook nooit geleer dat daar ander dinge is wat kosbaarder is as rykdom en besittings nie: 'n goeie naam, integriteit, ordentlikheid, ootmoed voor God, vrede in jou gemoed …
Bid asseblief nog altyd vir hom (en vir my!), soos ek vir jou en Abimeleg en Adoniram bid.
Jou vriend,
Salomo ben Dawid

## Onlangse Bydraes


- Rig 6:14 MET GOD SE TOERUSTING KAN JY DIENSBAAR WEES
- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026